

Hoofstuk van die dag: Psalm 38

> *Moet my tog nie verlaat nie, Here, my God, moenie ver van my af bly nie! (vers 22)*

Langdurige siekte met oënskynlik geen einde nie, waar die ellende ophoop sonder hoop op genesing, takel nie net jou

liggaam af nie. Dit vreet ook aan jou gees. Dit kan maak dat God vir jou ver weg voel; dat jy dit beleef dat sy toorn groter is as sy liefde. Dit voel later of God jou verlaat het. Boonop begin jou verhoudings met ander daaronder ly. Jy raak agterdogtig oor mense se motiewe en optrede. En natuurlik begin jy wonder of dit jou sonde is wat alles veroorsaak.

Dit is dié proses wat die digter hier verwoord. Hy is siek, sy vriende het hom versaak, en God straf hom.

Tog hou hy aan om te bid, klou hy aan God vas, al dink hy God is die oorsaak van sy siekte. Selfs dan sê hy (vers 16): “Ek vertrou op U, Here, U sal antwoord, Here my God.” Hy hou aan bid in weerwil van sy vertwyfeling. Want ten spyte van alles glo hy dat God liefdevol en genadig is.

Geloof is nie ’n logiese sisteem nie, dis ’n verhouding met die lewende God. Daarom kan jy bly hoop.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026